# BOTSHABELO: REAKSIE VAN 'N TIPIESE SLAAPDORP OP VERANDERENDE SOSIO-EKONOMIESE OMSTANDIGHEDE IN 'N "NUWE SUID-AFRIKA"[1]

**R B van der Merwe, C J Pretorius, A J Strydom en T J de Vos[2]**

*Manuskrip aanvaar September 1994*

*Research has indicated that changing socio-economic conditions in a "New South Africa" have wide-reaching consequences in a "dormitory town" such as Botshabelo. The purpose of this article is to determine which changes in respect of demographic and related aspects, as well as in the field of economics, have occurred in Botshabelo over a period of three years. A comparison of data obtained during surveys undertaken in 1988/89 and again in 1991 can throw light on changes which have occurred.*

*As far as the demographic profile of the population is concerned, information was obtained during both the 1988/89 and 1991 surveys on a sample basis by means of personal interviews conducted within the community on the basis of interview schedules. During both surveys economic data was also obtained by means of interviews conducted with various enterprises on the basis of interview schedules. The technique of input-output analysis was employed on both occasions to analyse the local economy.*

*Aspects discussed in the article are estimated population size, factors influencing population growth, such as the composition and size of households, age distribution of the community, births and mortality, as well as expected future population growth. This is followed by a discussion of the performance of formal enterprises with regard to local sales, value added, import and exogenous demand, as well as of changes with regard to job opportunities and work-place, distribution of the labour force according to sector, the economically active population according to industry, sales and income of households.*

---

*Veranderende sosio-ekonomiese omstandighede in 'n "Nuwe Suid-Afrika" vind oor 'n wye gebied in 'n "slaapdorp" soos Botshabelo neerslag. Die doel van hierdie artikel is om te bepaal watter veranderinge ten opsigte van demografiese en verwante aspekte, asook op ekonomiese gebied, oor 'n tydperk van drie jaar in Botshabelo plaasgevind het. 'n Vergelyking van gegewens uit studies wat in 1988/89 en weer later in 1991 onderneem is, kan lig op veranderinge wat plaasgevind het, werp.*

*Wat die demografiese profiel van die bevolking betref, is inligting tydens die 1988/89- en 1991-opnames op 'n steekproefbasis deur middel van persoonlike onderhoude aan die hand van onderhoudskedules binne die gemeenskap ingesamel. Ekonomiese gegewens is tydens albei opnames ook deur middel van onderhoude aan die hand van skedules van die onderskeie ondernemings verkry. Die inset-uitsetanalise is telkens benut om die plaaslike ekonomie te ontleed.*

*Aspekte wat aandag in die artikel geniet, is beraamde bevolkingsgrootte, faktore wat bevolkingsgroei beïnvloed soos samestelling en grootte van huishoudings, ouderdomsamestelling van die gemeenskap, geboortes, sterftes, asook die verwagte toekomstige bevolkingsgroei. Dit word gevolg deur die prestasie van formele ondernemings ten opsigte van plaaslike verkope, toegevoegde waarde, invoer en eksogene vraag, asook veranderinge ten opsigte van werkgeleenthede en werkplek, verdeling van die arbeidsmag volgens sektor, die ekonomies bedrywige bevolking volgens bedryf, verkope en verdienste van huishoudings.*

## 1 INLEIDING

Die Kabinet van die RSA het op 27 April 1978 die totstandkoming van Botshabelo, 'n stedelike nedersetting sowat 57 kilometer ten ooste van Bloemfontein, goedgekeur.

Hoewel 'n groot toestroming van mense na hierdie gebied verwag is, het die omvang daarvan alle verwagtinge oortref. Binne 'n relatief kort tydsbestek het die bevolking so snel toegeneem dat buitengewone hoë druk op die voorsiening van infrastruktuur, werkgeleenthede, en so meer geplaas is.

Die Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing aan die UOVS is reeds op 'n vroeë stadium van hierdie gemeenskap se bestaan genader vir die uitvoering van 'n omvattende navorsingprogram met die oog op effektiewe ontwikkeling.

By nadere bestudering van knelpunte in die gemeenskap, het dit geblyk dat veral die volgende kernfaktore besondere hoë eise aan die deurvoering van ordelike en gebalanseerde ontwikkeling stel:

- Sosio-ekonomiese faktore wat normaalweg aanleiding tot die aanvanklike ontwikkeling van 'n

stedelike gemeenskap binne 'n bepaalde streek gee, was in die geval van Botshabelo afwesig.

- Die bevolkingsgetalle van die gemeenskap het binne 'n relatief kort tydsbestek so snel toegeneem dat buitengewone hoë druk op die voorsiening van infrastruktuur, werkgeleenthede, en so meer geplaas is.

- Die bevolkingsamestelling vertoon 'n heterogeniteit ten opsigte van etniese samestelling en geografiese herkoms, wat groepskohesie en geïntegreerde deelname deur 'n wye spektrum van deelnemers aan 'n doelgerigte proses van stedelike ontwikkeling bemoeilik (Van der Merwe 1990:1-2).

## 2 PROBLEEMSTELLING

Vanaf die begin van Botshabelo se ontwikkeling is besef dat die snel veranderende omstandighede in Suid-Afrika tot gevolg kan hê dat faktore soos migrasie, die nuwe nywerheidsaansporingsmaatreëls (Persverklaring: 25 Maart 1991) en bevolkingsgroei die gebied binne 'n relatief kort tydsbestek drasties kan beïnvloed. Benewens sosio-politieke veranderinge wat 'n belangrike rol in hierdie proses kan speel, is dit vanselfsprekend dat ekonomiese groei en ontwikkeling van die basiese faktore is wat 'n toekomstige toe- of afname in bevolkingsgetalle kan bewerkstellig. Alles in ag genome, is dit 'n realiteit dat sinvolle bevolkingsvestiging slegs kan plaasvind waar daar bestaans- of werkgeleenthede is (Van der Merwe *et al.* 1992:2).

'n Sosio-ekonomiese opname wat teen die einde van 1988 en begin van 1989 in die gebied onderneem is en waaroor daar alreeds 'n artikel (Strydom en Pretorius 1992) in hierdie tydskrif verskyn het, het getoon dat hoewel 'n relatief geringe persentasie persone in die gemeenskap dit op daardie stadium oorweeg het om binne afsienbare tyd die gebied te verlaat, die koers van bevolkingstoename om verskeie redes in die toekoms aansienlik kan afplat (Van der Merwe 1990:42-43). Enersyds was hierdie voorspelling op waarneembare tendense gebaseer, en andersyds op die uitwerking wat bepaalde geïdentifiseerde faktore op die bevolkingsgroei van die gebied kan hê. Die vernaamste hiervan is die feit dat slegs net meer as 'n derde van Botshabelo se arbeidsmag op daardie stadium plaaslik gewerk het, terwyl die res op pendel- en migrasie-arbeid aangewese was (Strydom en Vrey 1990:4). Hierdie eienskap van die ekonomie van Botshabelo kry veral betekenis as aanvaar word dat pendel- en migrasie-arbeiders sal poog om so na as moontlik aan hul werkplek te vestig. Dit is 'n logiese afleiding in die lig van die Owerheid se verstedelikingsbeleid (Departement van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning 1986), die opheffing van instromingsbeheer (Wet op die Afskaffing van Instromingsbeheer, No 68 van 1986) en ander tersaaklike beleide wat vryheid van beweging vir alle bevolkingsgroepe verseker.

Tydens die 1988/89-opname is verder ook bevind dat, wat die interne ekonomie betref, die vervaardigingsbedryf 'n sleutelrol in die welvaart van die gebied speel (Van der Merwe 1990:36). Trouens, as pendel- en migrasie-arbeid buite rekening gelaat word, is fabriekswese die moederbedryf in Botshabelo. Veranderende omstandighede, byvoorbeeld die sluiting van bestaande en oprigting van nuwe fabrieke, asook die inwerkingstelling van die reeds vermelde nuwe aansporingsmaatreëls vir streeknywerheidsontwikkeling op 1 Mei 1991, het dit nodig gemaak dat daar weer gekyk sou word na veranderinge wat ten opsigte van vervaardigingsaktiwiteite ingetree het ten einde beplanning betyds daarby aan te pas (Van der Merwe *et al.* 1992:3). Die aanduiding was dat die vorige (skedule 3) nywerheidsaansporings nog steeds tot gevolg het dat nywerheidsvestiging by die geïdentifiseerde groeipunte plaasvind[3]. Die verwagting is egter dat die nuwe uniforme (skedule 4) benadering binne afsienbare tyd mededinging tussen Botshabelo en ander vestigingsplekke heelwat sal verskerp (Departement van Streekaangeleenthede en Grondsake 1991).

Aangesien waarneming getoon het dat genoemde faktore besonder sterk op die gebied se leefomgewing begin inwerk, het die behoefte ontstaan aan 'n monitorondersoek op sowel die demografiese as ekonomiese terreine ten einde bepaalde tendense wat nuut ontwikkel het of aan ontwikkel was, bloot te lê. Sodanige inligting sou van kardinale belang wees vir die uitvoering van toekomstige programme. Om hierdie rede is 'n monitornavorsingsprogram (hierna die monitoropname genoem) aan die einde van 1991 onderneem.

Die doel van die huidige aanbieding is om bepaalde gegewens wat tydens die 1988/89-opname verkry is, met dié van die monitoropname in Desember 1991 te vergelyk ten einde tendense wat besig is om te ontwikkel, bloot te lê.

## 3 METODES VAN ONDERSOEK

Wat die demografiese profiel betref, is inligting tydens beide die 1988- en 1991-opnames deur middel van persoonlike onderhoude aan die hand van 'n onderhoudskedule by huishoudings[4] binne die gemeenskap ingesamel.

Ekonomiese inligting is tydens albei opnames ook deur middel van persoonlike onderhoude aan die hand van 'n onderhoudskedule van die onderskeie ondernemings en fabrieke verkry.

In die aanbieding van hierdie gegewens sal eerstens gefokus word op demografiese veranderinge wat gedurende die ondersoektydperk ingetree het, waarna veranderinge ten opsigte van die ekonomie van die gebied onder die loep geneem sal word.

## 4 MONITERING VAN DEMOGRAFIESE EN VERWANTE ASPEKTE

### 4.1 Beraamde bevolkingsgrootte

Inligting wat in November 1988 van die Dorpsingenieur[5] van Botshabelo verkry is, het aan die lig gebring dat ongeveer 35 000 woonpersele op daardie stadium bebou was. Die besetting per woonperseel was volgens beskikbare inligting 5,9 persone. Dié syfer is gebaseer op 'n steekproefopname deur die destydse Departement van Ontwikkelingshulp[6] in November

1987, asook op voorlopige inligting verkry uit 'n opname deur die Stadsklerk van Botshabelo aan die einde van 1988. Hiervolgens is die bevolking van die woongebied in November 1988 op 207 000 beraam. Dié syfer is ook bevestig deur die 1988/1989-opname deur ISEN (Van der Merwe 1990:42) sowel as 'n grondgebruikopname wat gedurende Mei 1989 op 'n universumbasis deur die Departement Stads- en Streekbeplanning van die UOVS in die gebied onderneem is (Botha *et al.* 1990:38-40).

Op grond van inligting wat tydens die monitoropname verkry is, is die bevolking vir die einde van 1991 op 217 734 (218 000 benaderd) beraam. Dit beteken dat die gemiddelde jaarlikse bevolkingsgroei van 8,52 persent gedurende 1987-1988 tot 1,74 persent per jaar gedurende 1988-1991 afgeneem het (Van der Merwe *et al.* 1992:8).

Die beraamde bevolking vir 1991 is bereken op grond van die totale besetting van woonpersele en die steekproefgegewens betreffende die gemiddelde getal bewoners per perseel.

Hoewel daar tydens die monitoropname weinig informele plakkery in die onderskeie woongebiede was, is vermoed dat dit binne afsienbare tyd veral naby die belangrikste fasiliteite sou begin voorkom. Trouens, informele handelsaktiwiteite in die omgewing van die sentrale sakekern het toe reeds momentum gekry en die weg daarvoor gebaan.

## 4.2 Faktore wat bevolkingsgroei beïnvloed

Verandering in die bevolkingsgetalle van 'n gemeenskap word hoofsaaklik deur migrasie (dit wil sê die vestiging in of verlating van 'n gebied) en natuurlike aanwas (geboortes minus sterftes) bepaal. Verandering in die grootte van 'n gemeenskap word gewoonlik as 'n jaarlikse groeikoers uitgedruk, wat van jaar tot jaar kan fluktueer.

Die natuurlike aanwassyfer, wat bepaal word deur die verskil tussen die getal geboortes en sterftes vir 'n spesifieke jaar te bereken, word as 'n verhoudingsyfer tot 1 000 van die bevolking uitgedruk.

In die geval van Botshabelo is daar egter verskeie veranderlikes wat op 'n direkte of indirekte wyse tot die verandering in bevolkingsgetalle bygedra het. Die belangrikste hiervan, wat relevant vir toekomstige beplanning is, word vervolgens kortliks bespreek.

### *4.2.1 Samestelling en grootte van huishoudings*

Die gemiddelde grootte van individuele huishoudings in die gemeenskap het van 5,26 persone in 1988 tot 5,64 in 1991 toegeneem. Dit is veral toe te skryf aan 'n toename in die getal aangetroude dogters (wie se mans migrasiewerkers is) en hul kinders wat by huishoudings inwoon. Soos weldra sal blyk, was die toename in gesinsgrootte nie soseer die gevolg van 'n hoër geboortekoers by die kerngesin[7] nie, maar eerder van 'n toename in die grootte van die uitgebreide gesin[8], wat 'n algemene verskynsel in die gemeenskap is (Van der Merwe *et al.* 1992:10).

### *4.2.2 Ouderdomsamestelling van die gemeenskap*

Verandering ten opsigte van die samestelling van gesinne het ook die ouderdomsamestelling van die gemeenskap beïnvloed. Tydens die 1985-sensus was die mediaan-ouderdom van die inwoners relatief jonk, naamlik 18,25 jaar. Teen 1988 het dit tot 20,24 jaar toegeneem, waarna dit weer afgeneem het tot 20,01 jaar in 1991 (Van der Merwe *et al.* 1990:12).

Hoewel dit wil voorkom of die gemeenskap weer jonger word, is dit heel waarskynlik slegs 'n tydelike verskynsel wat deur die vermelde vergroting van die uitgebreide gesin bewerkstellig is.

### *4.2.3 Kindertal en norm vir ideale kindertal*

Daar is reeds gewys op verandering wat ten opsigte van die samestelling en grootte van huishoudings plaasgevind het. Die gemiddelde kindertal van hoofde van huishoudings (kerngesinne) het van 3,15 in 1988 tot 3,39 in 1991 toegeneem (Van der Merwe *et al.* 1992:16). 'n Opvallende verskynsel tydens beide opnames was 'n deurlopende afname in gesinsgrootte namate die onderwyspeil van sowel hoofde as vroue van gesinshoofde toeneem. Dit dui op die effek van 'n verhoging in onderwyspeil op die fertiliteit van gemeenskappe.

Wat die norm vir ideale kindertal[9] betref, het vroue van hoofde en vroulike hoofde dit tydens die 1988/1989-opname op 3,48 kinders en in 1991 op 3,87 gestel (Van der Merwe *et al.* 1992:17). Die relatief geringe verhoging in norm kan moontlik toegeskryf word aan immigrasie (in) van vroue uit landelike gebiede waar hoër norme heers. Volgens RGN-bevinding stel swart mense in die RSA dit op gemiddeld 4,30 kinders per egpaar (Mostert en Hofmeyr 1988:29).

### *4.2.4 Geboortes, sterftes en natuurlike aanwas*

Die gewone of algemene geboortesyfer van die gemeenskap het, veral as gevolg van die genoemde immigrasie van vroue binne die latere vrugbaarheidsleeftyd, van 27,04 geboortes per duisend van die bevolking in 1988 tot 38,11 in 1991 toegeneem (Van der Merwe *et al.* 1992:18). Laasgenoemde syfer is net laer as die 39,12 wat deur die RGN vir swart mense van die RSA as geheel beraam word (Mostert en Van Tonder 1987:45). Dit blyk dus dat daar in die tydperk onder bespreking, as gevolg van immigrasie, 'n aansienlike toename in die geboortesyfer van Botshabelo was.

Die sterftesyfer per duisend van die bevolking het op sy beurt van 9,92 in 1988 tot 14,34 in 1991 toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van 'n toename in sterftes by persone van 50 jaar en ouer. Die infantiele sterftesyfer[10] het van 'n reeds baie hoë 92 per duisend geboortes in 1988 verder toegeneem tot 129 in 1991 (Van der Merwe *et al.* 1992:19). Dit is 'n aspek wat die daadwerklike aandag van die betrokke gesondheidsowerhede verg.


Genoemde verandering ten opsigte van die geboorte- en sterftekoers het daartoe gelei dat die natuurlike aanwassyfer van die gemeenskap gedurende die tydperk onder bespreking van 17,12 tot 23,77 per duisend toegeneem het. Dit is ietwat laer as die 30,81 wat die RGN vir swart mense van die RSA beraam (Mostert en Van Tonder

1987:45).

*4.2.5 Onderwyspeil en opleiding*

'n Gemeenskap se algemene peil van onderwys word gewoonlik as 'n belangrike spieëlbeeld van sy ontwikkeling beskou. As indikator van modernisasie is dit dus belangrik om nouliettend kennis te neem van veranderinge en verbetering wat oor tyd in hierdie opsig plaasvind (Van der Merwe 1990:23).

Inligting dui daarop dat daar sedert die 1985-sensus 'n aansienlike verbetering in die onderwyspeil van die inwoners van Botshabelo ingetree het [Suid-Afrika (Republiek) 1986b:451]. Volgens die sensusgegewens het 36,24 persent van die gebied se inwoners, met inbegrip van voorskoolse kinders[11], op daardie stadium oor geen formele skoolopleiding beskik nie. Dié persentasie het tot 25,09 in 1988 en verder tot 21,43 persent in 1991 afgeneem. Verder het diegene met 'n onderwyspeil van standerd 6 tot 8 proporsioneel deurlopend van 10,88 persent in 1985 tot 18,98 persent in 1991, en persone met standerd 9 en hoër van 1,54 persent in 1985 tot 6,98 persent in 1991 toegeneem (Van der Merwe *et al.* 1992:20). Dit blyk dus dat die verbetering in voorsiening en benutting van onderwysfasiliteite op skoolvlak, ten spyte van emigrasie, reeds duidelik in die algemene onderwyspeil van die gemeenskap weerspieël word (Figuur 1).




*FIGUUR 1: Botshabelo Onderwyspeil, 1985-sensus*, 1988- en 1991-opnames*
(* Bron: Suid-Afrika (Republiek), Sentrale Statistiekdiens 1986b:451.)

Wat naskoolse opleiding betref, is die aanduiding egter dat daar sedert die 1988/89-opname 'n proporsionele afname in hierdie kategorie persone vanaf 5,80 persent in 1988 tot 1,69 persent in 1991 was. 'n Moontlike verklaring vir hierdie verskynsel is dat van die persone met naskoolse kwalifikasies die gebied gedurende hierdie periode verlaat het om elders te gaan werk (Van der Merwe *et al.* 1992:23).

*4.2.6 Ekonomiese status*

Onder ekonomiese status word die arbeidsbetrokkenheid al dan nie van alle individue in 'n gemeenskap by die onderskeie ekonomiese aktiwiteite aangedui. Die kategorie ekonomies bedrywig sluit byvoorbeeld alle persone in wat werknemers is of vir hulself werk. Werklose persone[12] wat beskikbaar en geskik is vir betaalde of eie indiensname, en wat gedurende die maand wat die onderhoud met sodanige persone voorafgaan het daadwerklike stappe gedoen het om betaalde werk te bekom, of om eie indiensname te onderneem, of die begeerte het om te werk en in diens geneem te word of eie indiensname te onderneem, word ook onder die kategorie *ekonomies bedrywig* geklassifiseer.

Die nie-ekonomies bedrywige persone in 'n gemeenskap daarenteen sluit al diegene in, ongeag hul ouderdom, wat tydens die opname nie as werkers of werklose persone, soos pas beskryf, gekategoriseer kon word nie.

Tydens die 1985-sensusopname is sowat 30,22 persent van Botshabelo se inwoners as ekonomies bedrywig geklassifiseer. Teen 1988 het die ekonomies bedrywige gedeelte van die gemeenskap, as gevolg van die groter betrokkenheid van sowel manlike as vroulike persone, tot 34,36 persent toegeneem. Sedert 1988 het die situasie proporsioneel egter nie veel verander nie, aangesien dié syfer vir die 1991-opname op 34,87 persent bereken word, wat 'n reële toename van 4 799 persone verteenwoordig (Van der Merwe *et al.* 1992:24).

'n Bestudering van die onderskeie kategorieë ekonomies bedrywige persone bied 'n verklaring vir hierdie reële getalstoename. Volgens berekening het diegene wat vir 'n werkgewer werk, sedert 1988 met 4 723 persone verminder, terwyl persone wat vir hulself in die informele sektor werk met 3 275 toegeneem het.

Werkloses, as deel van die ekonomies bedrywige bevolking, het egter proporsioneel van 14,54 persent in 1988 tot 21,86 persent in 1991 toegeneem, wat 'n reële toename van 6 247 werkloses[13] beteken. Dit blyk dus dat die toename van 4 799 persone in die kategorie ekonomies bedrywig slegs deur 'n toename in die getal werkloses bewerkstellig is (Van der Merwe *et al.* 1992:25).

## 5 VERWAGTE TOEKOMSTIGE BEVOLKINGSGROEI

Hoewel dit relatief moeilik is om betroubare inligting met betrekking tot immigrasie en emigrasie van 'n gemeenskap te verkry, is dit nogtans van deurslaggewende belang vir verskeie beplanningsaksies, waaronder ook die projektering van toekomstige bevolkingsgetalle.

Gedurende die 1988/89- en 1991-opnames is verskeie vrae met betrekking tot migrasie aan die hand van 'n migrasiemodule aan respondente voorgehou. Hoewel dié inligting slegs as breë indikatore kan dien, is tendense nietemin blootgelê wat rigtingge-

wend vir beplanning oor die kort en medium termyn kan wees.

Die berekening van die toekomstige bevolking van Botshabelo is gebaseer op 'n ekstrapolasie van die historiese migrasiepatroon van huishoudings sedert die woongebied tot stand gekom het. Op grond van hierdie inligting is beramings van die bevolking vir enkeljare vanaf 1979 tot 1991 gedoen.

Hiervolgens het die inwoners van die gebied vanaf ongeveer 10 216 aan die einde van 1979, tot 218 000 in 1991 toegeneem. Dit beteken dat, met 1979 as basisjaar, die gemeenskap vanaf 1980 tot 1991 met gemiddeld 29,05 persent per jaar vermeerder het. Hoewel die groeikoers in die aanvangsjare besonder hoog was, het dit tot ongeveer 1988 geleidelik afgeplat en, soos reeds aangetoon, verder tot ongeveer 2 persent teen 1991 verminder.


Die beraamde historiese bevolkingsgetalle vir enkeljare is daarna volgens die eksponensiële projeksietegniek tot die jaar 2000 geprojekteer. Die MATLAB-rekenaarprogram[14] is vir hierdie doel die geskikste bevind en benut.

Volgens die projeksie is die aanduiding dat die gemeenskap teen die einde van 1995 uit ongeveer 243 900 en teen die jaar 2000 uit ongeveer 258 000 persone sal bestaan. Die verwagting is dat die jaarlikse groeikoers deurlopend tot slegs 0,82 persent teen die jaar 2000 sal verminder (Figuur 2).

Hierdie afplatting in bevolkingsgroei moet gesien word in die lig van 'n afname in immigrasie en toenemende emigrasie van veral jonger persone weens 'n gebrek aan plaaslike werkgeleenthede en tersiêre opleidingsfasiliteite. Dit kan tot geleidelike veroudering en gevolglike lae fertiliteit van die gemeenskap lei.

## 6 EKONOMIESE VERANDERINGE

Vir die doel van monitering van die ekonomie van Botshabelo is veranderinge ten opsigte van verskeie ekonomiese aspekte tussen 1988 en 1991 ontleed.




*FIGUUR 2: Botshabelo beraamde en geprojekteerde bevolking, 1979-2000*

Ter inleiding word gegewens uit 'n aangepaste inset-uitsettabel vir 1990/91 waarin die data van ondernemings wat na die 1988/89-opname tot stand gekom het, of gesluit het, verreken is, bespreek. Aspekte wat hier ter sprake kom, is byvoorbeeld veranderinge in die intermediêre sektor, toegevoegde waarde, invoer en eksogene vraag. Hierdie inligting word aangevul met bykomende gegewens, soos uit die opnames verkry, wat faktore soos werkgeleenthede, verandering ten opsigte van werkplek, indeling van ekonomies bedrywige bevolking, sektorale verdeling van arbeid en verkope, asook die effek op huishoudelike inkome, insluit.

### 6.1 Die aangepaste inset-uitsetmodel

Tabel 1 verteenwoordig die insetuitsettabel van Botshabelo vir 1990/91. 'n Vergelyking tussen hierdie tabel en die inset-uitsetanalise van 1988/89 verskaf die volgende resultate:

*6.1.1 Formele ondernemings in Botshabelo*

Ten opsigte van hierdie aspek is "n groei in plaaslike verkope ondervind vanaf R36 113 000 in 1988 tot R37 241 000 in 1991, dit wil sê R1 128 000, of 3,12 persent oor drie jaar.

*6.1.2 Toegevoegde waarde*

Toegevoegde waarde kan beskou word as die bykomende waarde of verdienste wat tydens elke stap in die produksie- en distribusieproses van goedere bygevoeg word. Dit word gemeet aan die som van die vergoeding aan huishoudings, die bruto bedryfsurplus van die ondernemings, en betalings aan die Owerheid, byvoorbeeld in die vorm van belastings. Die toegevoegde waarde het vanaf R162 235 000 in 1988 tot R207 872 000 in 1991, dit wil sê met 'n bedrag van R45 637 000 of 28,13 persent, toegeneem.

*6.1.3 Invoer*

Invoer was een van die parameters wat tydens die 1988/89-ondersoek as buitengewoon hoog beskou is in dié sin dat min intermediêre produksie plaasgevind het, terwyl meeste goedere ingevoer is. In dié opsig was daar 'n toename vanaf R241 607 000 tot R284 652 000, dit wil sê R43 045 000 of 17,82 persent oor drie jaar. Die relatiewe effek bly dus min of meer dieselfde as tydens die 1988/89-opname.

*6.1.4 Eksogene vraag*

Die eksogene vraag, naamlik dié na produkte en dienste van die intermediêre sektor wat buite dié sektor verkoop word, of uitvoer plus finale vraag, het vanaf R403 842 000 in 1988 tot R492 523 000 in 1991 ge

**Tabel 1: Inset-uitsettabel na monitering, Botshabelo, 1990/91 (R'000)**

| Insette \ Uitsette | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | TOTAAL: Intermediêre uitsette | Huishoudings | Finale vraag | Totale vraag | Bedryf |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| LANDBOU en veeteelt | 1 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 69 251 | 69 251 | 1 |
| FABRIEKSWESE: Voedsel | 2 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 4 054 | 0 | 0 | 0 | 0 | 4 054 | 0 | 4 377 | 8 430 | 2 |
| Klerasie | 3 | 0 | 0 | 1 333 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 35 | 0 | 0 | 0 | 2 | 1 370 | 249 | 175 595 | 178 965 | 3 |
| Houtprodukte | 4 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 43 | 0 | 0 | 0 | 0 | 43 | 73 | 5 921 | 5 964 | 4 |
| Rubber | 5 | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 531 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 531 | 18 | 40 397 | 41 928 | 5 |
| Minerale | 6 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 2 285 | 0 | 1 | 0 | 0 | 0 | 0 | 2 286 | 1 640 | 713 | 2 999 | 6 |
| Metaal | 7 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 560 | 0 | 0 | 462 | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 022 | 132 | 32 051 | 33 073 | 7 |
| Ander | 8 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 088 | 0 | 48 | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 137 | 0 | 38 914 | 40 051 | 8 |
| KONSTRUKSIE | 9 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 92 041 | 8 713 | 8 713 | 9 |
| HANDEL: Groot-, kleinhandel | 10 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 83 | 19 245 | 0 | 0 | 0 | 100 | 19 428 | 96 489 | 83 471 | 102 899 | 10 |
| Motorhandel,-dienste | 11 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 4 434 | 0 | 2 | 4 436 | 5 074 | 5 872 | 10 308 | 11 |
| VERVOER en kommunikasie | 12 | 117 | 10 | 970 | 63 | 306 | 10 | 54 | 230 | 15 | 69 | 3 | 14 | 40 | 14 | 1 934 | 32 243 | 23 260 | 25 194 | 12 |
| FINANSIERING | 13 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 334 | 1 602 | 1 602 | 13 |
| DIENSTE | 14 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 4 250 | 2 388 | 2 388 | 14 |
| TOTAAL: Intermediêre insette | 15 | 117 | 10 | 2 304 | 63 | 1 837 | 10 | 614 | 3 603 | 98 | 23 978 | 3 | 4 448 | 40 | 118 | 37 241 | 233 543 | 492 524 | 529 765 | 15 |
| Huishoudings | 16 | 1 902 | 834 | 17 605 | 2 083 | 2 605 | 113 | 959 | 3 419 | 281 | 3 471 | 143 | 4 299 | 535 | 138 | 38 386 | 3 550 | 318 461 | 354 847 | 16 |
| Bruto bedryfsurplus | 17 | 8 120 | 3 407 | 77 375 | 3 169 | 22 481 | 1 606 | 9 826 | 10 073 | 1 267 | 15 333 | 4 606 | 7 407 | 549 | 1 047 | 168 265 | 0 | 0 | 168 265 | 17 |
| Primêre insette | 18 | 10 022 | 4 241 | 94 980 | 5 252 | 25 086 | 1 719 | 10 785 | 13 492 | 1 548 | 18 803 | 4 748 | 11 706 | 1 084 | 1 184 | 204 651 | 3 550 | 318 461 | 521 112 | 18 |
| Netto indirekte belasting | 19 | 2 358 | (57) | (15 713) | (6 111) | (3 360) | (35) | 284 | 4 686 | 502 | 8 013 | 899 | 1 081 | 67 | 155 | (7 230) | 0 | 0 | (7 230) | 19 |
| Betalings aan owerheid | 20 | 2 988 | 218 | 2 767 | 937 | 898 | 73 | 219 | 405 | 13 | 1 699 | 68 | 6 | 53 | 107 | 10 451 | 20 306 | 109 599 | 120 050 | 20 |
| TOTALE INSETTE | 21 | 15 485 | 4 413 | 84 338 | 141 | 24 461 | 1 768 | 11 901 | 22 186 | 2 161 | 52 492 | 5 718 | 17 241 | 1 243 | 1 564 | 245 113 | 257 399 | 918 584 | 1 163 697 | 21 |
| INVOERE: Oorsese lande | 22 | 0 | 0 | 10 194 | 0 | 16 | 0 | 1 108 | 12 125 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 23 443 | 7 | 7 | 23 450 | 22 |
| Afrika-lande | 23 | 10 659 | 0 | 4 072 | 63 | 0 | 28 | 118 | 281 | 814 | 5 115 | 4 | 409 | 124 | 13 | 21 700 | 35 042 | 38 813 | 58 513 | 23 |
| PWV: Privaat | 24 | 3 465 | 480 | 11 763 | 94 | 16 076 | 475 | 14 183 | 1 064 | 387 | 2 408 | 21 | 0 | 0 | 158 | 50 572 | 2 735 | 4 340 | 54 913 | 24 |
| Owerheid | 25 | 0 | 0 | 37 | 0 | 0 | 3 | 0 | 0 | 0 | 1 | 0 | 0 | 0 | 0 | 41 | 23 | 23 | 64 | 25 |
| Natal | 26 | 533 | 332 | 32 220 | 2 581 | 191 | 0 | 7 | 884 | 0 | 2 036 | 0 | 0 | 0 | 20 | 38 784 | 95 | 95 | 38 879 | 26 |
| Kaapprovinsie | 27 | 0 | 89 | 4 220 | 822 | 8 | 0 | 940 | 1 113 | 435 | 8 824 | 0 | 0 | 0 | 8 | 18 460 | 458 | 458 | 18 918 | 27 |
| Bftn: Privaat | 28 | 14 060 | 3 117 | 7 261 | 2 168 | 1 175 | 331 | 1 861 | 2 019 | 4 442 | 27 118 | 1 298 | 2 235 | 235 | 529 | 67 866 | 41 311 | 58 049 | 125 915 | 28 |
| Owerheid | 29 | 0 | 0 | 745 | 26 | 0 | 0 | 8 | 13 | 3 | 8 | 1 | 0 | 0 | 0 | 799 | 374 | 6 974 | 7 774 | 29 |
| Res van die RSA | 30 | 25 049 | 0 | 22 096 | 89 | 0 | 394 | 2 949 | 366 | 472 | 4 897 | 3 266 | 5 309 | 0 | 99 | 64 987 | 17 403 | 17 485 | 82 472 | 30 |
| TOTALE AANBOD | 31 | 69 251 | 8 430 | 178 965 | 5 964 | 41 827 | 2 999 | 33 073 | 40 050 | 8 713 | 102 899 | 10 308 | 25 194 | 1 602 | 2 388 | 529 765 | 354 847 | 1 042 828 | 1 572 593 | 31 |

styg, dit wil sê met R88 681 000 of ongeveer 22 persent oor drie jaar. In vergelyking met die inflasiekoers is dit 'n geringe styging.

Samevattend kan geen besondere veranderinge ten opsigte van bogenoemde vier faktore uit die insetuitsettabel afgelei word nie, behalwe die feit dat dit op *'n afplatting in die ekonomie van Botshabelo dui*. 'n Ontleding van verdere faktore kan vervolgens meer lig op laasgenoemde tendens werp.

## 6.2 Veranderinge ten opsigte van werkgeleenthede

Daar is aanduidings dat werkgeleenthede vir inwoners van Botshabelo in plekke soos Bloemfontein en omgewing oor die afgelope drie jaar afgeneem het. Statistieke verskaf deur Interstate Bus Lines (Edms) Bpk, die plaaslike busdiens wat pendelaars na en vanaf Bloemfontein vervoer, dui aan dat die getal passasiers van 'n gemiddeld van ongeveer 14 079 per jaar in 1988 tot nagenoeg 8 383 in 1991 afgeneem het. Dié afname kan deels daaraan toegeskryf word dat persone wat voorheen in Bloemfontein gewerk het, tans werkloos is. (Die getal werkloses in Botshabelo het vanaf ongeveer 10 350 in 1988 tot nagenoeg 16 597 in 1991 toegeneem.)

Bykomende faktore is egter ook dat meer pendelaars tussen Botshabelo en Bloemfontein tans van huurmotors en/of private vervoer gebruik maak en dat persone wat voorheen in Botshabelo gewoon het, intussen nader aan Bloemfontein verskuif het.

*Word voornoemde faktore in ag geneem, is die aanduidings sterk dat daar 'n netto afname in werkgeleenthede vir Botshabelo-inwoners was.*

## 6.3 Veranderinge in die verdeling van die ekonomies bedrywige bevolking volgens werkplek

Met bogenoemde afleiding in gedagte, is dit belangrik om te probeer vasstel waar die veranderinge plaasgevind het (met ander woorde die lokaliteit van veranderinge ten opsigte van werkgeleenthede). Besonderhede in dié verband word in Tabel 2 verskaf.

Alhoewel daar volgens genoemde tabel nie groot verskille ten opsigte van die persentuele verdeling van inwoners van Botshabelo volgens werkplek tussen 1988 en 1991 voorkom nie, kan sekere tendense tog waargeneem word.

Dit blyk dat die indiensneming van inwoners plaaslik met 2 214 gestyg het, in die res van die RSA met 321 en in swart state met 22, dit wil sê 'n totale toename van 2 557 werkgeleenthede in bogenoemde plekke. Terselfdertyd het indiensneming van Botsha-

**Tabel 2: Die beraamde ekonomies bedrywige bevolking volgens werkplek, Botshabelo, 1988/89- en 1991-opnames**

| Plek | Opname | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 1988/89 | | 1991 | |
| Gebied | Getal | (%) | Getal | (%) |
| Botshabelo | 21 697 | 35,70 | 23 911 | 40,30 |
| Bloemfontein | 20 116 | 33,10 | 18 981 | 31,99 |
| Thaba Nchu | 352 | 0,58 | 83 | 0,14 |
| OVS-Goudvelde | 12 198 | 20,07 | 10 027 | 16,90 |
| Res van OVS | 2 151 | 3,54 | 1 727 | 2,91 |
| Res van RSA | 4 200 | 6,91 | 4 521 | 7,62 |
| Swart state | 61 | 0,10 | 83 | 0,14 |
| **Totaal** | **60 775** | **100,00** | **59 333** | **100,00** |

belo-inwoners in Bloemfontein met 1 135 gedaal, in Thaba Nchu met 269, op die OVS-Goudvelde met 2 171 en in die res van die OVS met 424, dit wil sê 'n totale afname van 3 999 werkgeleenthede. Dit beteken dus 'n totale netto daling van 1 442 werkgeleenthede.

### 6.4 Verdeling van Botshabelo se arbeidsmag volgens sektor

Indien die plaaslike bedrywe volgens sektor gerangskik word, sal die verdeling van arbeid (pendel- en migrasie-arbeiders uitgesluit) binne Botshabelo soos in Tabel 3 daar uitsien.

**Tabel 3: Verdeling van die plaaslike ekonomies bedrywige bevolking volgens bedryfsektor, Botshabelo, 1988/89 en 1991-opnames**

| Sektorale Verdeling | Opnames | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 1988/89 | | 1991 | |
| | Getal | (%) | Getal | (%) |
| Primêr | 174 | 0,80 | 416 | 1,74 |
| Sekondêr | 13 710 | 63,19 | 12 247 | 51,22 |
| Tersiêr | 7 813 | 36,01 | 11 248 | 47,04 |
| **Totaal** | **21 697** | **100,00** | **23 911** | **100,00** |

Dit blyk dat daar vanaf 1988 tot 1991 'n geringe proporsionele styging van 0,94 persent in indiensname in die primêre sektor plaasgevind het. In die sekondêre sektor was daar 'n proporsionele daling van ongeveer 12 persent, terwyl indiensname in die tersiêre sektor proporsioneel met bykans dieselfde persentasie (11,03 %) toegeneem het.

### 6.5 Veranderinge in die ekonomies bedrywige bevolking volgens bedryf

Tabel 4 verskaf die persentuele ver deling van die ekonomies bedrywige bevolking wat in Botshabelo werk volgens bedryf vir die jare 1988 en 1991.

Uit dié tabel blyk dat daar verhoudelike persentuele toenames in die landbou-, mynbou- en handelsbedrywe, en afnames in fabrieks-wese, elektrisiteit, konstruksie, vervoer, en finansiering

**Tabel 4: Persentuele verdeling van die ekonomies bedrywige bevolking wat in Botshabelo werk volgens bedryf, 1988/89 en 1991-opnames by huishoudings**

| Bedryf | Opname | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 1988/89 | | 1991 | |
| | Getal | (%) | Getal | (%) |
| Landbou | 70 | 0,32 | 167 | 0,70 |
| Mynbou | 104 | 0,48 | 249 | 1,04 |
| Fabriekswese | 11 406 | 52,57 | 11 664 | 48,78 |
| Elektrisiteit | 141 | 0,65 | - | - |
| Konstruksie | 2 163 | 9,97 | 583 | 2,44 |
| Handel | 1 710 | 7,88 | 5 500 | 23,00 |
| Vervoer | 592 | 2,73 | 416 | 1,74 |
| Finansiering en dienste | 5 511 | 25,40 | 5 332 | 22,30 |
| **Totaal** | **21 697** | **100,00** | **23 911** | **100,00** |

en dienste voorgekom het. Die bedrywe ten opsigte waarvan die grootste verskille voorgekom het, is handel met 'n proporsionele toename van net meer as 15 persent (wat hoofsaaklik aan die aantal mense wat hul die afgelope drie jaar vir 'n bestaansmoontlikheid na die informele sektor gewend het, toegeskryf kan word), en konstruksie en fabriekswese met onderskeidelike afnames van ongeveer 7,5 en 3,8 persent.

### 6.6 Veranderinge ten opsigte van verkope

In die voorafgaande gedeeltes is hoofsaaklik op aspekte van indiensneming wat as aanduidings van veranderinge in die ekonomiese struktuur kan dien, gekonsentreer. Op hul beurt sal struktuurveranderinge weer in die groei in of afname van verkope deur die verskillende bedrywe gereflekteer word.

#### *6.6.1 Nominale verandering*

Tabel 5 toon die nominale verandering in verkope per bedryf in Botshabelo tussen 1988 en 1991.

Hiervolgens het die verkope van alle ondernemings in die gebied nominaal met R89,8 miljoen of 20,41 persent toegeneem.

#### *6.6.2 Veranderinge in reële groei*

'n Vergelyking van Tabelle 5 en 6 toon dat alhoewel die *bedrae* van nominale en reële waarde van verkope van mekaar verskil, die ordegrootte ooreenstem. Soos verwag kan word, vertoon meer bedrywe (nege in dié geval) egter negatiewe groei wanneer die reële waarde van verkope bereken word as wanneer slegs na nominale groei gekyk word, in welke geval ses bedrywe negatiewe groei toon.

Hiervan kan afgelei word dat veranderinge wat tussen 1988 en 1991 ingetree het, in etlike gevalle ook 'n verandering ten opsigte van die belangrikheid van bedrywe teweeggebring het. Indien die ekonomiese bedrywigheid in die intermediêre gedeelte van die inset-uitsettabel, dit wil sê plaaslike ondernemings, ontleed word, blyk dit dat 'n afname van -6,64 persent per jaar plaasgevind het. As dit met die reële afname van -1 persent per jaar in die Bruto Binnelandse Produk (Suid-Afrikaanse Reserwebank 1991:13) van die land as geheel vergelyk word, blyk dit dat die interne ekonomie van Botshabelo heelwat swakker as die gemiddeld vir die land presteer het.

Dit is egter belangrik om daarop te let dat salarisse van staatsamptenare en verdienste uit die informele sektor nie

**Tabel 5: Nominale* groei in totale verkope per bedryf, Botshabelo 1988-1991** (*Bron: Verwerking van ISEN-opnames)

| Bedryf | Verkope (R) 1988 | Verkope (R) 1991 | Verandering (R) | Persentuele groei oor periode | Gemiddelde persentuele** groei per jaar |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. Landbou en veeteelt | 41 970 | 69 251 | 27 281 | 65,00 | 18,16 |
| 2. Voedsel | 5 023 | 8 430 | 3 407 | 67,83 | 18,83 |
| 3. Tekstiel-, klerasie- en leernywerhede | 86 263 | 176 965 | 90 702 | 105,15 | 27,06 |
| 4. Hout en houtprodukte | 1 139 | 5 964 | 4 825 | 423,62 | 73,64 |
| 5. Chemikalieë en chemiese, petroleum-, steenkool-, rubber- en plastiekprodukte | 15 774 | 41 928 | 26 154 | 165,80 | 38,52 |
| 6. Nie-metaalhoudende mineraalprodukte, uitgesonderd produkte van petroleum en steenkool | 5 278 | 2 999 | -2 279 | -43,18 | -17,17 |
| 7. Metaalprodukte, masjinerie en uitrusting | 59 080 | 33 073 | -26 007 | -44,02 | -17,58 |
| 8. Ander vervaardigingsnywerhede | 36 801 | 40 051 | 3 250 | 8,83 | 2,86 |
| 9. Konstruksie | 43 567 | 8 713 | -34 854 | -80,00 | -41,52 |
| 10. Groot- en kleinhandel en verversings- en akkommodasiedienste | 102 428 | 102 899 | 471 | 0,46 | 0,15 |
| 11. Motorhandel en -hersteldienste | 8 219 | 10 308 | 2 089 | 25,42 | 7,84 |
| 12. Vervoer, opberging en kommunikasie | 29 640 | 25 194 | -4 446 | -15,00 | -5,27 |
| 13. Finansiering, versekering, vaste eiendom en besigheidsdienste | 1 728 | 1 602 | -126 | -7,29 | -2,49 |
| 14. Gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste | 3 045 | 2 388 | -657 | -21,58 | -7,78 |
| Totaal | 439 955 | 529 765 | 89 810 | 20,41 | 6,39 |

* Nominale groei meet die toename in ekonomiese aktiwiteite op grond van huidige pryse. Inflasietoename in pryse is nie in berekening gebring nie.

** Groei per jaar is deur middel van die volgende formule bereken:

$$r = t \quad \frac{V_1}{V_0} - 1 \quad 100$$

waar $V_0$ = verkope per bedryf aan die begin van die termyn
$V_1$ = verkope per bedryf aan die einde van die termyn
$t$ = duur van termyn in jare
$r$ = groeitempo persent per jaar

Kyk *Reitsma, A., 1964. Demografiese aspekte van die OVS-Goudvelde en omliggende gebiede. Bloemfontein: UOVS, Departement Statistiek. (Ongepubliseerde verslag).*

**Tabel 6: Reële* groei in totale verkope per bedryf, Botshabelo, 1988-1991** (*Bron: Verwerking van ISEN-opnames)

| Bedryf | Verkope (R) 1988 | Verkope (R) 1991 | Verandering (R) | Persentuele groei oor periode | Gemiddelde persentuele ** groei per jaar |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. Landbou en veeteelt | 55 007 | 61 338 | 6 331 | 11,51 | 3,70 |
| 2. Voedsel | 6 583 | 7 467 | 884 | 13,42 | 4,29 |
| 3. Tekstiel-, klerasie- en leernywerhede | 113 058 | 156 745 | 43 687 | 38,64 | 11,51 |
| 4. Hout en houtprodukte | 1 493 | 5 283 | 3 790 | 253,85 | 52,38 |
| 5. Chemikalieë en chemiese, petroleum-, steenkool-, rubber- en plastiekprodukte | 20 674 | 37 137 | 16 463 | 79,63 | 21,56 |
| 6. Nie-metaalhoudende mineraalprodukte, uitgesonderd produkte van petroleum en steenkool | 6 917 | 2 656 | -4 261 | -61,60 | -27,31 |
| 7. Metaalprodukte, masjinerie en uitrusting | 77 431 | 29 294 | -48 137 | -62,17 | -27,67 |
| 8. Ander vervaardigingsnywerhede | 48 232 | 35 475 | -12 757 | -26,45 | -9,73 |
| 9. Konstruksie | 57 100 | 7 717 | -49 383 | -86,49 | -48,68 |
| 10. Groot- en kleinhandel en verversings- en akkommodasiedienste | 134 244 | 91 142 | -43 102 | -32,11 | -12,11 |
| 11. Motorhandel en -hersteldienste | 10 772 | 9 130 | -1 642 | -15,24 | -5,36 |
| 12. Vervoer, opberging en kommunikasie | 38 847 | 22 315 | -16 532 | -42,56 | -16,87 |
| 13. Finansiering, versekering, vaste eiendom en besigheidsdienste | 2 265 | 1 419 | -846 | -37,35 | -14,43 |
| 14. Gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste | 3 991 | 2 115 | -1 876 | -47,01 | -19,07 |
| Totaal | 576 614 | 469 233 | -107 381 | -18,62 | -6,64 |

* Die waarde van verkope gemeet in "konstante pryse" - dit wil sê, met die gemiddelde jaarlikse inflasiekoers afgetrek. Sodoende kan die <u>werklike</u> groei in verkope gemeet word.

** Groei per jaar is deur middel van die volgende formule bereken:

$$r = t \quad \frac{V_1}{V_0} - 1 \quad 100$$

waar $V_0$ = verkope per bedryf aan die begin van die termyn
$V_1$ = verkope per bedryf aan die einde van die termyn
$t$ = duur van termyn in jare
$r$ = groeitempo persent per jaar

Kyk *Reitsma, A., 1964. Demografiese aspekte van die OVS-Goudvelde en omliggende gebiede. Bloemfontein: UOVS, Departement Statistiek. (Ongepubliseerde verslag).*

in bostaande syfers verreken is nie, en dat die syfers dus nie 'n volledige beeld bied nie. Laasgenoemde twee aspekte word breedvoeriger in die volgende afdeling bespreek.

## 6.7 Veranderinge ten opsigte van verdienste deur huishoudings

In voorgaande gedeeltes is hoofsaaklik op aspekte van indiensneming gekonsentreer. Die belangrikheid hiervan kom egter eers werklik na vore in die verdienste wat dit aan huishoudings besorg.

### *6.7.1 Inkome van huishoudings volgens plek van verdienste*

Volgens die 1991-opname het die totale inkome van huishoudings in die finansiële jaar 1990/91 ongeveer R358 miljoen beloop (Tabel 7). Gemeet aan die totale inkome van ongeveer R255 miljoen in 1988, verteenwoordig dit 'n nominale gemiddelde groei van ongeveer 12 persent per jaar, wat 3 persent laer as die inflasie-koers (geneem op 15%) is.

Inkome binne Botshabelo verdien, het tussen 1988 en 1991 vanaf R84,5 tot R136,1 miljoen toegeneem, wat 'n gemiddelde groeikoers van 17,2 persent per jaar verteenwoordig en dus 2,2 persent hoër as 'n inflasiekoers van 15 persent is.

Die totale verdienste van inwoners van Botshabelo het egter in reële terme gedaal, terwyl inkome binne Botshabelo self verdien met 2,2 persent gestyg het. Hierdie verdienste uit bronne binne Botshabelo het dus, ten spyte van moeilike ekonomiese omstandighede, gestyg.

Tabel 8 dui ook 'n aansienlike styging in gemiddelde inkome aan.

Die gemiddelde verdienste van R456,30 per werkende persoon per maand vir 1991 is oënskynlik hoog, maar die oorsaak hiervan is geleë in die feit dat sommige werknemers in die owerheidsektor, soos byvoorbeeld onderwysers, relatief hoog besoldig word. Dit kan aanvaar word dat die verspreiding van inkome baie ongelyk is.

**Tabel 7: Beraamde jaarlikse inkome van die totale gemeenskap volgens die plek waar dit verdien/verkry is, Botshabelo, 1988/89 en 1991-opnames**

| Plek waar inkome verdien/verkry is | Opname | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 1988/89 | | 1991 | |
| | (R) | (%) | (R) | (%) |
| Botshabelo | 84 549 904 | 33,21 | 136 103 658 | 38,07 |
| Thaba Nchu | 1 231 225 | 0,48 | 893 772 | 0,25 |
| Bloemfontein | 73 054 930 | 28,69 | 107 502 942 | 30,07 |
| OVS-Goudvelde | 65 089 347 | 25,57 | 68 713 220 | 19,22 |
| Res van OVS | 8 636 319 | 3,39 | 11 690 543 | 3,27 |
| Res van RSA | 21 672 017 | 8,51 | 31 854 048 | 8,91 |
| Swart State | 373 899 | 0,15 | 750 769 | 0,21 |
| **Totaal** | **254 607 641** | **100,00** | **357 508 952** | **100,00** |

**Tabel 8: Gemiddelde inkome, Botshabelo, 1988/89 en 1991-opnames**

| Gemiddelde inkome* | Opname | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 1988/89 | | 1991 | |
| | Gemiddelde (R) | | Gemiddelde (R) | |
| | per jaar | per maand | per jaar | per maand |
| Per Huishouding | 6 416,60 | 534,72 | 9 257,81 | 771,48 |
| Per werkende persoon | 3 893,14 | 324,43 | 5 475,62 | 456,30 |
| Per Persoon (*capita*) | 1 222,58 | 101,88 | 1 641,95 | 136,83 |

* Volgens die Instituut vir Beplanningsnavorsing van die Universiteit van Port Elizabeth was die minimum bestaanspeil vir swart mense in Bloemfontein teen September 1991 R714,32 per maand vir 'n huishouding van ses persone.

### *6.7.2 Verdienste van huishoudings in die private sektor volgens sektor en bedryf*

Tabel 9 toon die jaarlikse verdienste van huishoudings in die private sektor in Botshabelo volgens ekonomiese sektor vir 1988 en 1991.

Uit dié tabel blyk dat daar 'n proporsionele styging van 11,05 persent in die aandeel van die sekondêre sektor was, 'n daling van 11,80 persent in dié van die tersiêre sektor, en 'n geringe proporsionele toename van slegs 0,75 persent in dié van die primêre sektor.

Ten einde hierdie gegewens verder te ontleed, is Tabel 10 wat die jaarlikse verdienste in die private sektor volgens bedryf aandui, opgestel.

Hiervolgens is die bedrywe wat stygings getoon het vervaardiging van tekstiel-, klerasie- en leerprodukte, hout en houtprodukte, chemikalieë en chemiese produkte, voedsel en landbou. Die res het almal dalings getoon.

## 7 SAMEVATTING

Heelwat veranderinge is besig om op sosio-ekonomiese gebied in Botshabelo in te tree.

**Tabel 9: Jaarlikse verdienste van huishoudings in die private sektor volgens bedryfsektor, Botshabelo, 1988/89 en 1991-opnames by ondernemings**

| Sektorale verdeling | Opname | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 1988/89 | | 1991 | |
| | R'000 | (%) | R'000 | (%) |
| Primêr | 1 544 | 4,20 | 1 902 | 4,95 |
| Sekondêr | 22 661 | 61,63 | 27 899 | 72,68 |
| Tersiêr | 12 564 | 34,17 | 8 586 | 22,37 |
| **Totaal** | **36 769** | **100,00** | **38 387** | **100,00** |

**Tabel 10: Jaarlikse verdienste van huishoudings in die private sektor volgens bedryf, Botshabelo, 1988/89 en 1991-opnames by ondernemings**

| Bedryf | Opname | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 1988/89 | | 1991 | |
| | R'000 | (%) | R'000 | (%) |
| 1 Landbou en mynbou | 1 544 | 4,20 | 1 902 | 4,95 |
| 2 Voedsel | 666 | 1,81 | 834 | 2,17 |
| 3 Tekstiel | 11 496 | 31,27 | 17 605 | 45,86 |
| 4 Hout | 533 | 1,45 | 2 083 | 5,43 |
| 5 Chemikalieë | 1 313 | 3,57 | 2 605 | 6,79 |
| 6 Nie-metaalminerale | 266 | 0,72 | 113 | 0,29 |
| 7 Metaalprodukte | 2 294 | 6,24 | 959 | 2,50 |
| 8 Ander vervaardigers | 4 208 | 11,44 | 3 419 | 8,91 |
| 9 Konstruksie | 1 885 | 5,13 | 281 | 0,73 |
| 10 Groot- en kleinhandel | 4 628 | 12,58 | 3 471 | 9,04 |
| 11 Motorhandel | 153 | 0,42 | 143 | 0,37 |
| 12 Vervoer | 6 775 | 18,43 | 4 299 | 11,20 |
| 13 Finansiering | 773 | 2,10 | 535 | 1,39 |
| 14 Dienste | 235 | 0,64 | 138 | 0,37 |
| Totaal | 36 769 | 100,0 | 38 387 | 100,00 |

Die bevolkingsgroei wat aanvanklik as gevolg van immigrasie van die hoogste ter wêreld was, is vanweë bepaalde faktore besig om drasties af te plat. Die afname in plaaslike werkgeleenthede, asook emigrasie van pendel- en migrasie-arbeiders (hoofsaaklik sedert die afskaffing van instromingsbeheer, wat dit vir hul moontlik maak om nader aan hul werkplekke te woon), blyk die belangrikste redes vir hierdie afplatting te wees.

Wat die ekonomie betref, het koop- en verkooptransaksies tussen plaaslike bedrywe vanaf 1988 tot 1991 met 1,03 persent per jaar toegeneem, terwyl toegevoegde waarde oor die drie jaar met 28,13 persent gestyg het. Invoer het oor die genoemde tydperk met 17,81 persent en eksogene vraag met ongeveer 22 persent gestyg. Ten spyte van al dié stygings is tydens die ondersoek bevind, dat daar 'n netto afname in die totale aantal werkgeleenthede vir Botshabelo-inwoners, maar 'n toename van 2 214 plaaslike werkgeleenthede was. Laasgenoemde verskynsel kan toegeskryf word aan die feit dat al hoe meer inwoners hul vir 'n bestaansmoontlikheid tot die informele sektor wend.

Verkope van plaaslike ondernemings het gedurende die drie jaar reël met 6,64 persent gedaal, wat swak met die res van die land vergelyk.

Ten spyte van die relatief swak prestasie van die interne ekonomie van Botshabelo gedurende die genoemde periode, vergelyk die gemiddelde inkome per huishouding gunstig met die minimum bestaanspeil vir swart mense in Bloemfontein. Dit kan toegeskryf word aan die relatief groot getal inwoners wat 'n inkome van die staat ontvang (hetsy 'n pensioen of salaris) en die feit dat die reële toename in inkome uit informele aktiwiteite kompenseer vir die afname in inkome uit pendel- en migrasie-arbeid. Fabriekswese beleef tans 'n moeilike tyd in die gebied en werkgeleenthede uit dié bron is bykans terug op die vlak van 1988. Alvorens ekonomiese omstandighede in die land as geheel en die Bloemfontein-Botshabelo-Thaba Nchu-substreek in die besonder nie verbeter nie, is die vooruitsig op 'n verbetering in die ekonomie van Botshabelo skraal.

## NOTAS

1 Hierdie artikel is gebaseer op inligting uit sekondêre bronne, asook navorsing wat gedurende 1988/1989 en 1991 deur die Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing in samewerking met die Departement van Stads- en Streekbeplanning aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, in Botshabelo onderneem is. Menings en interpretasies is dié van die navorsers wat volle verantwoordelikheid daarvoor aanvaar. Die artikel volg op 'n artikel getitel, *Werkskepping in Botshabelo: fiksie of feit?* deur AJ Strydom en CJ Pretorius wat in die April 1992 uitgawe van *Stads- en Streekbeplanning verskyn het.*

2 Navorsers aan die Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.

3 Mondelinge mededeling deur prof WJH Vrey, Raadslid Streeknywerheidsraad, Mei 1992.

4 'n Huishouding sluit alle permanente bewoners van 'n wooneenheid (sowel as loseerders) in wat van mekaar afhanklik is, saam eet, of deel van hul inkome vir voedsel bydra. Dit sluit nie tydelike besoeke deur familie en kuiergaste in nie.

5 Persoonlike mededeling deur mnr PC Geyer, Dorpsingenieur van Botshabelo.

6 Hierdie opname is onder leiding van mej M van der Merwe, etnoloog van die betrokke departement, gemaak.

7 'n Kerngesin (nukleêre gesin) sluit 'n vader, moeder en afhanklike minderjarige kinders in.

8 'n Uitgebreide gesin bestaan uit lede van die kerngesin plus bloedverwante soos inwonende ouers, aangetroude kinders, en so meer.

9 Die getal kinders wat respondente as ideaal beskou.

10 Sterftes van babas jonger as een jaar.

11 Sensusgegewens sluit onder die kategorie *geen onderwyspeil* voorskoolse kinders sowel as volwasse persone met geen skoolopleiding in.

12 Die amptelike werkloosheidskoers van die Sentrale Statistiekdiens verteenwoordig die werklike getal werkloses soos bepaal volgens die streng definisie van werkloosheid, uitgedruk as 'n persentasie van die betrokke ekonomies bedrywige bevolking.

13 Die Sentrale Statistiekdiens (1991-sensus) bereken die werkloosheidskoers vir swart mense van die RSA op 24,50 persent van die ekonomies bedrywige bevolking.

14 Die volgende formule is vir die projektering gebruik:

$$y = a[1 + k(1-r^t)]$$

waar:
$k = 13508$
$r = 0,8679$
$a = 20,14$
$t =$ tyd

## VERWYSINGS


BOTHA WJvH, DE VOS TJdeV en THERON JH (1990). *Botshabelo: 'n Ontleding van grondgebruike en infrastruktuur* (Beplanning vir die ontwikkeling van Botshabelo, Verslag nr 6), Bloemfontein, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing.

Departement van Samewerking en Ontwikkeling (1985). *Botshabelo: Inligtingsverslag,* Pretoria, (s.n.)

Departement van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning (1986). *Witskrif oor verstedeliking,* Pretoria, Die Staatsdrukker.

Departement van Streekaangeleenthede en Grondsake (1991). *Streeknywerheidsontwikkelingsprogram aansporingskema van toepassing met ingang van 1 Mei 1991,* Pretoria, (s.n.)

Desentralisasieraad (1991). *Jaarverslag 1990/91.* Pretoria.

DU PREEZ PH (1991). *Omvattende ontwikkelingsbeplanning vir Botshabelo - samevattende verslag* (Beplanning vir die ontwikkeling van Botshabelo, Verslag nr 8), Bloemfontein, Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing.

HIBBERT CS (1988). *Botshabelo, gemeenskapsprofiel. Beplanningsprogram: 1988.* Provinsiale Administrasie van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, Januarie.

MOSTERT WP en HOFMEYR BE (1988). "Socio-economic factors affecting fertility in the developing countries and of the developing population groups in South Africa." Referaat gelewer by die *Internasionale Konferensie insake Bevolkings-ontwikkeling in Suider-Afrika,* Johannesburg.

MOSTERT WP en VAN TONDER JL (1987). *Projeksies van die Suid-Afrikaanse bevolking 1985-2035.* Verslag no S158 Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Persverklaring (1991). *'n Gesamentlike aankondiging deur die EGSA-state.* 25 Maart 1991. Invoering van 'n nuwe streeknywerheidsontwikkelingsprogram (SNOP). Kaapstad.

STRYDOM AJ en VREY WJH (1989). *Die ekonomie van Botshabelo binne streekverband* (Beplanning vir die ontwikkeling van Botshabelo, Verslag nr 4), Bloemfontein, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing.

STRYDOM AJ en PRETORIUS CJ (1992). "Werkskepping in Botshabelo: Fiksie of feit?" *Stads- en Streekbeplanning,* No 32, April.

Suid-Afrikaanse Reserwebank (1991). "Suid-Afrika se nasionale rekeninge 1946 tot 1990." *Bylae tot Kwartaalblad,* Junie 1991, Pretoria.

Suid-Afrika (Republiek), Sentrale Statistiekdiens (1985). *Bevolkingssensus 1980: Geografiese verspreiding van die bevolking met 'n oorsig vir 1951-1980* (Verslag no 02-80-13), Pretoria, Die Staatsdrukker.

Suid-Afrika (Republiek), Sentrale Statistiekdiens (1986a). *Bevolkingsensus 1985: Geografiese verspreiding van die bevolking met 'n oorsig vir 1960-1985* (Verslag no 02-85-01), Pretoria, Die Staatsdrukker.

Suid-Afrika (Republiek), Sentrale Statistiekdiens (1986b). *Bevolkingsensus 1985: Onderwyspeil volgens ontwikkelingstreek, statistiese streek en distrik* (Verslag no 02-85-04), Pretoria, Die Staatsdrukker.

Suid-Afrika (Republiek) (1986). *Die Wet op die Afskaffing van Instromingsbeheer, No 68 van 1986.*

VAN DER MERWE RB (1989). *Enkele demografiese kenmerke van Botshabelo* (Beplanning vir die ontwikkeling van Botshabelo, Verslag no 2), Bloemfontein, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing.

VAN DER MERWE RB (1990). *Bevolkings- en bepaalde ander aspekte in Botshabelo: bevolkingseienskappe, beroeps- en bedryfsverdeling, inkomste en besteding* (Beplanning vir die ontwikkeling van Botshabelo, Verslag no 3), Bloemfontein, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing.

VAN DER MERWE RB, PRETORIUS CJ en DU PREEZ PH (1992). *Monitering van sleutelfaktore in die ontwikkeling van Botshabelo, 1988-1991* (Beplanning vir die ontwikkeling van Botshabelo, Verslag no 10), Bloemfontein, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing.